Wes–Boland Eisteddfod

KUNS

KODES

Skolekuns	KU1
Gevorderde Visuele Kuns	KU2
Ontwerp	KU3

KUNSTEMA 2019:

Gr. R - 9	Om fees te vier! / Celebration!
Gr. 10 - 12	Oop tema

Kunswerke moet die leerders se eie werk wees, pas by hul ontwikkelingsvlak en slegs werk van 'n hoë standaard moet ingeskryf word. Geen voorheen bekroonde werke word aanvaar nie.

Aflewering van alle kunswerke: Topolino Privaatskool in Langebaan.

Montering:
Geen geraamde werke nie. Monteer kunsprent met 'n 5cm wit strook rondom. Kartonmontering is te swaar. Moenie vaskram nie (krammetjies haak en beskadig prente), gebruik eerder alkant kleeflint (*"double sided tape")* en verpakkingskleeflint (bv. die bruin een). Indien kunswerke nie volgens voorskrif monteer word nie, sal dit gediskwalifiseer word.

Agterop elke kunswerk moet die naam van die skool sowel as die naam van die deelnemer aangebring word. Gebruik die strokies aan die einde van hierdie sillabus hiervoor.

Voorop elke kunswerk kom slegs die deelnemer se graad, die kategorie waarin hy/sy deelneem bv. skolekuns sowel as die tema kom ook voorop. Gebruik die strokies aan die einde van hierdie sillabus hiervoor.

Verpakking:
Verpak asseblief elke graad apart in papieromhulsel en plaas in stewige kartonverpakking (Wenk: sny byvoorbeeld 'n karton-boks oop en vou/knip volgens verlangde grootte.)
Skryf die skool se naam buite op die karton-verpakking.

Lys van kunswerke:
Stuur voorgeskrewe lys saam met die kunswerke wat die volgende inligting insluit:

- Naam van leerder
- Kategorie (bv A, B, C)
- Graad
- Titel

Gebruik lys aan die einde van hierdie sillabus hiervoor.

Aantal inskrywings: Maksimum 60 inskrywings per skool.
Nie meer as een werk van 'n spesifieke kunstenaar in 'n spesifieke kategorie toegelaat nie.

KATEGORIE A : SKOLE KUNS – KU1

Graad R – 9

1. Klem val op belewing en kreatiwiteit.
   Geen oortekening van inkleurboekprente of voorbeeldprente deur onderwysers is toelaatbaar nie. Die leerders moet hul ervaring SELF weergee en die genot moet sigbaar wees. Bv. die leerders kan slegs 'n visvangprent maak indien hul dit self beleef het.
2. Gemengde media wat geplak word soos wol, doppies, materiaal, ens. mag nie meer as 1 cm van die papieroppervlak uitstaan nie. Geen wikkelogies nie.
3. Werke moet onder toesig van die onderwyseres gemaak word (in klasverband). Werke wat tuis gedoen word, mag nie onder skolekuns ingeskryf word nie.
4. Die werk moet volledig die kind se eie werk wees. Onderwysers mag nie die werk afrond nie.
5. 'n Suksesvolle kunswerk beskik oor kunselemente soos bv. kleur, lyn, komposisie ens. wat 'n visuele eenheid vorm. Indien iets soos omlyning gebruik word, moet dit deel vorm van die eenheid en nie as soliede strepe uitstaan nie.

KATEGORIE B : GEVORDERDE VISUELE KUNS – KU2

Graad R – 12

Kinders wat ekstra kunslesse ontvang of by kunsskole is, sowel as tuisskool leerders skryf in vir hierdie afdeling.

1. By Skilderkuns en Tekenkuns val die klem op visuele taal soos lyn, tekstuur, kleur, tegniek en algehele voorkoms.
2. Beeldhouwerk val ook in hierdie afdeling. Dit is drie-dimensionele ontwerp.
3. Leerders in gr. 10 – 12 wat kuns as vak neem, ongeag die sentrum (skool of privaat), val in hierdie afdeling.
4. Tuisskool leerders neem deel aan hierdie afdeling.

KATEGORIE C : ONTWERP – KU3

Graad 4 – 12

Leerders wat ekstra kunslesse neem of by kunsskole is na skool, skryf in vir hierdie afdeling.

PRODUK-ONTWERP: funksioneel of dekoratief – sluit in, maar nie beperk nie tot: mandjie-makery, kralewerk, sneewerk, keramiekwerk, gekonstrueerde tekstiele, mode- en ander kostuumontwerp, meubelontwerp, industriële ontwerp, juweliersontwerp, papierwerk, marionette ontwerp, tafelware, weefwerk, draadwerk.

ILLUSTRASIEKUNS:

- Illustreer 'n gedig/gedeelte van 'n storie.
- Nie meer as 100 woorde nie.
- Klem val op illustrasie.
- Illustrasies moet eie werk wees en in enige medium.
- Die geskrewe teks en illustrasie(s) moet mekaar komplimenteer.
- Storie/gedig kan self deur leerder geskryf word of teks deur ander skrywer/digter kan gebruik word. Onthou om erkenning aan oorspronklike skrywer/digter te gee.

Die beoordelaar behou die reg toe om slegs pryse toe te ken in kategorieë waar die werk van uitstaande gehalte is.

Navrae: Topolino Privaatskool
Berdene Smit
info@topolino.co.za

Strokies VOOR op kunswerke

Graad/Grade: **Kategorie/Category:** **Titel/Title:**	**Graad/Grade:** **Kategorie/Category:** **Titel/Title:**
Graad/Grade: **Kategorie/Category:** **Titel/Title:**	**Graad/Grade:** **Kategorie/Category:** **Titel/Title:**
Graad/Grade: **Kategorie/Category:** **Titel/Title:**	**Graad/Grade:** **Kategorie/Category:** **Titel/Title:**
Graad/Grade: **Kategorie/Category:** **Titel/Title:**	**Graad/Grade:** **Kategorie/Category:** **Titel/Title:**

Strokies AGTER op kunswerke

Naam/Name: **Skool/School:** **Nommer/Number:**	**Naam/Name:** **Skool/School:** **Nommer/Number:**
Naam/Name: **Skool/School:** **Nommer/Number:**	**Naam/Name:** **Skool/School:** **Nommer/Number:**
Naam/Name: **Skool/School:** **Nommer/Number:**	**Naam/Name:** **Skool/School:** **Nommer/Number:**
Naam/Name: **Skool/School:** **Nommer/Number:**	**Naam/Name:** **Skool/School:** **Nommer/Number:**

LYS VAN KUNSWERKE

Naam van instansie: _____

Nr.*	Naam van kunstenaar	Graad	Kategorie	Titel	Toekenning (vir kantoorgebruik)

* nommer moet ooreenstem met die nommer agterop die prent